



Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster

18 September 2024

Geagte JV-ouer/-voog

Nog 'n kwartaal nader sy einde. Dit was 'n besige, maar opwindende kwartaal. Dankie aan al die ouers vir u ondersteuning met al die ekstra ure wat ons die kwartaal in die akademie ingewerk het, asook die ure wat u op die sportveld ondersteun het. Dit word opreg waardeer.

1. SIKLUSROOSTER VIR KWARTAAL 4

Die skool begin op 1 Oktober 2024 met **dag 1**

2. SPORTAANGELEENTHEDE

Verskeie sportsoorte, spanne asook individuele leerders, het hierdie kwartaal baie goed presteer. Baie geluk ook aan hulle!

Die fokus in die vierde kwartaal is op krieket, atletiek, rugby en swem. Die skool gaan van die geleentheid gebruik maak om met kondisionering vir die 2025-seisoen te begin. In 2025 wil ons weer 'n groot poging aanwend om die deelname aan atletiek te verhoog. Ons moedig leerders aan om deel te neem aan die bogenoemde sportsoorte. Liga-aktiwiteite in krieket sal nog afgehandel word.

Krieketkoors loop hoog by JV's. Die Chris Steinmann Pro 20-Krieketreëks vind plaas op 21 tot 25 Oktober. Dit gaan 'n feeslike atmosfeer wees met vele kompetisies, lekker kosstallejies, braaivleisvure en vele meer. Kom ondersteun asseblief die toernooi gedurende die week en geniet krieket uit die boonste rakke.

3. UITTEKEN VAN LEERDERS TYDENS SKOOLURE

Onthou asseblief dat **GEEN BESOEKERS SONDER 'N AFSpraak OP DIE TERREIN TOEGELAAT WORD NIE**. **Indien 'n leerder uitgeteken moet word, MOET u die L6 vorm op die webwerf vooraf voltooi en aan me Malan by IMalan@htsjv.co.za e-pos, twee dae voor die uittekendatum.** Leerders kan ook 'n paar dae voor die tyd persoonlik 'n L6-vorm by Me. Malan kom afhaal. Leerders kan die dag na die inhandiging by me. Malan gaan hoor of die aansoek goedgekeur is al dan nie. **Slegs nadat 'n leerder 'n toestemmingsbrief by me**

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

Malan ontvang het, sal u toegelaat word om by die hekkie in Meyerstraat in te kom en u kind te kry.

Probeer egter om die uitteken van leerders tydens skoolure te vermy.

Sommige dae word tot 30 leerders voor pouse vir afspraak wat nie vooraf gereël is nie, uitgeteken. Indien u kind by die skool siek word, moet hulle asseblief by die algemene kantoor by me Malan aanmeld. Sy sal u skakel en dan nodige reëlings met u tref.

Verstaan asseblief dat hierdie sekuriteitsmaatrêls in plek gestel word omdat ons personeel en leerders se veiligheid 'n groot prioriteit is.

4. SKOOLDRAG IN DIE VIERDE KWARTAAL

Dankie aan al die ouers wat u kind ondersteun het asook die leerders wat deur die loop van die kwartaal getrou by die voorkomsreëls gehou het. Ons waardeer dit opreg.

Vergewis u asseblief ook net weer mooi van die harereëls - veral vir die seuns, want daar word op 1 Oktober 2024 voorkomsinspeksie gedoen. Daar is baie keer ongelukkigheid wanneer 'n leerder vir sy hare aangespreek word, want die kind is netjies. Dit is so, maar ons moet ongelukkig almal oor dieselfde kam skeer wanneer dit by die toepassing van reëls kom. Die hare langs die kant van die kop mag nie meer as 2 cm van die hare bo-op die kop verskil nie. Die ander reëls in die gedragskode word goed toegepas. Dankie daarvoor.

Herinner asseblief ook u seun wat reeds skeer, dat hy nie in die klasse toegelaat gaan word nie totdat hy geskeer is.

Ons herinner u ook daaraan dat die leerders tydens die vierde kwartaal somersdrag moet dra (geen serpe asb.) Ons wil net weer u aandag daarop vestig dat die volledige JV-drag net op Vrydae gedra mag word en indien u kind dit nie het nie, moet hy/sy skooldrag dra. Slegs die skoolsweetpak mag saam met JV-drag gedra word, indien dit koud is.

5. RAPPORTE

Rapporte met volledige kwartaal 3-punte asook jaarpunte, word **Vrydag, 4 Oktober**, per hand aan leerders uitgegee. Rapporte kan ongelukkig nie individueel aan u ge-e-pos word nie.

6. FOUTIEWE ITEMS

Leerders word daaraan herinner dat hulle tot Donderdag, 19 September teen 10:00, alle items wat deur die loop van die kwartaal afgeneem is (dit sluit nie fone en vapes in nie) by mev Boshoff in die klerebank moet gaan haal. Indien dit nie afgehaal word nie, word dit gedurende die vakansie aan behoeftige leerders geskenk.

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

7. HERREGISTRASIE

Die herregistrasie van leerders vind in die vierde kwartaal plaas. U sal op 1 Oktober ingelig word i.v.m die elektroniese wyse waarop u op D6 gaan herregistreer. Herregistrasie sluit op 10 Oktober.

Dit is dus van die uiterste belang dat u die D6-toepassing aflaai indien u dit nog nie gedoen het nie.

8. SKOOL SLUIT

Op Vrydag, 20 September, sluit die skool om 12:00 na'n voldag van heerlike waterkaskenades. Dit is 'n gewone skooldag en leerders moet die skool bywoon.

Ten slotte wil ek weereens baie dankie sê aan elke JV-ouer wat die skool positief ondersteun. Ek hoop dat u en u kinders 'n heerlike rustyd sal hê. Mag die hand van Jesus oor elkeen van u wees dat almal weer op 1 Oktober veilig by ons sal aansluit.

JV-groete



A DOWD

HOOF



☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

